

DIE GEHEIM VAN GROEI DEUR MEDEDEELSAAMHEID

Larry was besig om ‘n aangename gesprek, Japannese tee en rysbeskuitjies by Mnr Komori se huis te geniet toe die ander gaste begin het om hulle Bybels uit te haal. Hulle het almal verwagting na hom gekyk. “Kan jy asseblief nou ons studie vir ons gee?” het Mnr Komori gevra.

Larry het byna verstik aan sy tee. Hy het gedink dat hierdie samekoms net vir die pret was. En nou kon hy nie aan ‘n enkele ding dink om te sê nie.

Larry het inderwaarheid baie Bybelklasse aangebied by die Christelike Engelse taalskool in Japan waar hy gewerk het. Maar hulle was almal so goed beplan. Hy kon baie maklik inligting uit die Bybel weergee. Maar om net spontaan oor God te praat ... dit was anders.

Larry het van kindsbeen af na al die Bybelverhale geluister. Maar hulle het baie min vir hom beteken op ‘n persoonlike gebied. Hy het dinge gedoen wat hy geweet het verkeerd was in die oë van God. Hoe kon hy met ander praat oor ‘n God wat hy nie werklik self geken het nie?

Terwyl hy nou daar op die rusbank sit, omring deur mense wat iets verwag, was sy masker besig om weg te val. In daardie oomblik van vrees, het ‘n versie deur sy gedagtes geflits van die Heilige Gees wat aan ons woorde sal gee om te spreek wanneer ons voor mense gebring word om te getuig (Lukas 12:12). Hy het ‘n desperate gebed om hulp geuiter en gegryp na die bekendste verhaal waaraan hy kon dink: Die Verlore Seun.

Terwyl hy beskryf het hoe God, selfs diegene wat van Hom af weggedwaal het, liefhet, het Larry agtergekom dat hy eintlik direk uit sy eie hart praat. Sy woorde het ingesink. Vir die eerste maal in sy lewe het Larry besef hoe lief God hom het.

Daardie aand het Larry by sy bed gekniel en sy lewe aan ‘n God toegewy wat uiteindelik vir hom werklik geword het. Deur God se liefde met ander te deel het dit meer sin gemaak as net ‘n bekende uittreksel. Dit was nou ‘n feit wat hom oorweldig het.

1. JESUS RIG AAN ONS DIE UITDAGING OM TE GROEI DEUR TE DEEL

Die dissipels het vir drie en ‘n half jaar Christus se woorde en daede ingeneem, en uiteindelik Sy dood en opstanding. Toe Jesus gereed was om op te vaar na die hemel, het Hy Sy dissipels opdrag gegee om Sy persoonlike verteenwoordigers te wees:

“MAAR JULLE SAL KRAG ONTVANG wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en JULLE SAL MY GETUIES WEES ... tot aan die uiterste van die aarde.” – Handeling 1:8. (Tensy anders vermeld, word alle Skrifgedeeltes in die ONTDEK Gids geneem uit die Ou Vertaling van die Bybel in Afrikaans.)

Toe Christus se volgelingen gedurende Pinkster hulle harte sonder voorbehoud aan Hom gegee het, het die verre Christe hulle lewens verander deur die krag van die Gees. Hulle het getuies

geword, nie net van Christus se liggaamlike opstanding en hemelvaart nie, maar ook van Sy opstandingskrag wat hulle lewens verander het.

As Christene is ons ook getuies van die opstanding van Jesus omdat ons Sy vernuwende krag in ons lewens ervaar het.

“Maar God, wat ryk is in barmhartigheid, het ons deur sy grote liefde waarmee Hy ons liefgehad het, OOK TOE ONS DOOD WAS DEUR DIE MISDADE, LEWEND GEMAAK SAAM MET CHRISTUS - uit genade is julle gered – en SAAM OPGEWEEK ... IN CHRISTUS JESUS, SODAT HY ... KAN BETOON DIE UITNEMENDE RYKDOM VAN SY GENADE in goedertierenheid oor ons in Christus Jesus.” – Efesiërs 2:4-7.

Ons is lewend gemaak met Christus, sodat ons die “uitnemende rykdom van Sy genade” kan betoon. En Hy vra ons om die goeie nuus van wat Hy in ‘n mens se lewe kan doen, na die hele wêreld te neem, dan belowe Hy om saam met ons te gaan as ons dit doen (Mattheus 28:19-20).

H.M.S. Richards, die stigter van die “Voice of Prophecy” Radio bediening, het eenmaal getuig: “Ek het die verandering in die harte van mense gesien wat die evangelie van Christus gehoor het. Ek het in lande gereis waar die naam van God en van Christus nog nooit gehoor was nie, totdat Sy kerk die evangelie daarheen geneem het. Ek het gesien dat hierdie mense verander van vuilheid tot om skoon te wees, van siekte tot gesondheid, van ‘n voortdurende vrees vir bose geeste tot vreugde in die Christelike lewe. Ek het die verandering in die status van vroue gesien. Ek het ware Christelike huishoudings tevoorskyn sien kom uit die heidense duisternis. In elke land waar ek besoek afgelê het, het ek veranderde lewens gesien. Ek weet dat ‘die evangelie van Christus ... is ‘n krag van God tot redding’ (Romeine 1:16). Ek weet dat wanneer die kerk die evangelie boodskap verkondig, daar ‘n verandering plaasvind in die harte van mense en in die huise van mense, en dit is sigbaar in die lewens van diegene wat reageer op daardie oproep.”

God het aan ons as swak mensekinders ‘n spesiale rol gegee om te speel in hierdie opwindende werk, want om te deel is ‘n noodsaaklike deel van ons groei. Vir ons geloof om gesond te bly, moet dit uitdrukking vind. Soos Larry so dramaties ondervind het, help dit ons om geloof meer ten volle te ervaar wanneer ons ons geloof deel en dan bring dit ook groei teweeg.

2. ONS DEEL CHRISTUS DEUR HOE ONS LEEF

‘n Jong man wat in ‘n huis grootgeword het waar hy mishandel is, het eenmaal opgemerk: “Ek het na my ouers gekyk wat deur hulle voorbeeld aan my ‘n verwronge beeld van God gegee het; ek het nooit die voorbeeld van iemand met ‘n vel aan gekry van hoe om lief te hê nie.” Mense om ons het desperaat iemand nodig wat aan hulle ‘n gesonde beeld van God sal gee. Hulle het iemand “met ‘n vel aan” nodig wat goddelike eienskappe aan hulle sal demonstreer. Ons kragtigste preek is dikwels bloot ons lewens. Voordat ‘n persoon ag slaan op hoeveel jy weet, moet hulle weet hoeveel jy omgee. Petrus vermaan ons:

“En hou julle LEWENSWANDEL onder die heidene (nie-Christene) skoon, sodat ...hulle op grond van die GOEIE WERKE WAT HULLE AANSKOU, God kan verheerlik... omdat CHRISTUS OOK VIR JULLE GELY HET EN JULLE ‘N VOORBEELD NAGELAAT HET, SODAT JULLE SY VOETSTAPPE KAN NAVOLG.” – 1 Petrus 2:12, 21.

Aangesien Christus “vir ons gely” het op Golgota, het ons byderhand ‘n voorbeeld van opofferende liefde. Daardie liefde, wat in ons weergegee word as liefdevolle daad teenoor ander, kan ‘n baie kragtige mag word om nie-gelowiges na Christus se uitgestrekte arms te trek.

3. ONS DEEL CHRISTUS DEUR DIE MANIER WAAROP ONS DINK

Toe die duiwel Jesus in die woestyn voorgelê het met sy uitnodigings aan die aptyt, hoogmoed en verwaandheid, het Jesus suksesvol teruggeslaan deur uit die Skrifte aan te haal (Mattheus 4:4, 7, 10). Christus was voorbereid omdat Hy sy denke met Bybelwaarhede gevul het. Dit is waar die stryd gewen of verloor word – in ons denke.

“Want soos hy in sy siel bereken (dink) so is hy.” – Spreuke 23:7.

Groeiende Christene se gedagtes is hemelwaarts gerig. Hulle konsentreer op die gesonde kwaliteite wat hulle gaan aanneem.

“Verbly julle altyd in die Here; ... laat julle begeertes in alles DEUR GEBED en smeking, met danksegging bekend word by God. En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal JULLE HARTE EN JULLE SINNE BEWAAR IN CHRISTUS JESUS. Verder broeders, alles wat WAAR is, alles wat EERBAAR is, alles wat REGVERDIG is, alles wat REIN is, alles wat LIEFLIK is, alles wat LOFLIK is – watter DEUG en WATTER LOF daar ook mag wees, bedink dit. ... en die God van vrede sal met julle wees.” – Filippense 4:4-9.

Waarmee ons ons gedagtes voed maak die verskil. Rommel in, rommel uit. God se Woord in, God se lewe uit.

4. ONS DEEL CHRISTUS DEUR HOE ONS LYK

As ‘n verteenwoordiger van Christus, sal die Christen beskeie wees selfs in sy of haar voorkoms, en sal alle uiterstes vermy.

“As sommige aan die woord ongehoorsaam is, hulle ook ... sonder woorde gewin kan word, ... as hulle jul reine, godvresende wandel aanskou het. Julle versiering moet nie uiterlik wees nie: haarvlegtery en omhang van goud en aantrek van klere nie, maar die verborge mens van die hart in die onverganklike versiering van ‘n SAGMOEDIGE EN STILLE GEES, wat baie kosbaar is voor God. Want so het vroeër ook die heilige vroue wat op God gehoop het, hulleself versier.” – 1 Petrus 3:1-5.

Eenvoud in kleredrag en versiering het nog altyd ware Christelikheid gekenmerk. Die ideaal is dat andere nie tot ons as Christene aangetrokke sal voel deur die stellings wat ons maak aangaande die mode nie, maar deur die stelling wat ons lewens maak oor Jesus.

5. ONS DEEL CHRISTUS DEUR DIE MANIER WAT ONS OPTREE

Die historikus, Edward Gibbon, vertel ons dat toe Galerius die kamp van die Perse geplunder het, het ‘n blink leersak gevul met pêrels, in die besit van een van die plunderende soldate gekom. Hierdie man het die nuttige sak versigtig bewaar, maar die kosbare pêrels weggegooi.

Mense wat vaskleef aan die oppervlakkige genietige wat die wêreld bied – en dan Jesus die Kosbare Pêrel verwerp – is eintlik in ‘n nog erger posisie as die plunderende soldaat. Dit is nie dat dit net ‘n skat is wat deur ons vingers glip nie, maar die ewige verlossing. Daarom waarsku die Skrifte ons:

“Moenie die wêreld liefhê of die dinge wat in die wêreld is nie. As iemand die wêreld liefhet, dan is die liefde van die Vader nie in hom nie. Want alles wat in die wêreld is – die begeerlikheid van die vlees en die begeerlikheid van die oë en die grootsheid van die lewe – is nie uit die Vader nie, maar is uit die wêreld. En die wêreld gaan verby en sy begeerlikheid, maar hy wat die wil van God doen, bly vir ewig.” – 1 Johannes 2:15-17.

Die Satan werk hard om die meeste vernietigende sondes en die ergste gewoontes met goud te beslaan. Advertensies vir alkoholiese drankes wys net jong, aantreklike, hardwerkende, intens-

gelukkige mense. Ons sien nooit iemand wat lyk soos die patetiese figuur wat by die drankwinkel uitgestrompel kom met 'n papiersak in sy hande nie.

Ons moet versigtig wees ten opsigte van verwantskappe wat ons Christelike beginsels kompromitteer (2 Korinthiërs 6:14). Christus wil natuurlik hê dat ons moet uitrek na ons nie-Christen vriende. Persoonlike verhoudinge is die belangrikste metode waardeur geloof gedeel word. Maak net seker dat jou metgeselle jou nie terugtrek na die ou lewenswyse nie.

Wat ons in ons lewens neem, selfs die vermaak wat ons kies, het 'n uitwerking op ons geestelike lewe. Ons moet bewus daarvan wees van wat ons aan ons denke voer.

“Ek stel geen lae ding voor my oë nie.” – Psalm 101:3.

As ons net die beste dinge aan ons siele voed, sal die slegte ons nie na sy vlak toe aftrek nie. Deur vas te hou aan hoë standaarde in die dinge wat ons toelaat om by ons huise en denke in te kom, sal ons lewens nie eng word nie. Die Christen het meer om hom gelukkig te maak as enigiemand anders.

“BY U IS DAAR OORVLOEDIGE BLYDSKAP, Wat U gee is altyd mooi.” – Psalm 16:11 (Die Blye Boodskap; Die Nuwe Vertaling, 1976.)

6. ONS DEEL CHRISTUS DEUR DIE MANIER WAAROP ONS GEE

Toe hy net reg was om 'n nuwe gelowige te doop, het oorlede Leraar H.M.S. Richards opgelet dat die man nog 'n goed gevulde beursie in sy sak het. Richards vra hom of hy vergeet het om sy geld in die kleedkamer te laat. “Ek en my beursie word saam gedoop” het die man verduidelik. Hy het die ware gees van Christelikheid ervaar – gee, om ander te help. Christene groei deur te gee, en dit is dat Hy gesê het: “Dit is saliger om te gee as om te ontvang.” (Handelinge 20:35) Wat ons gee om God se koninkryk uit te brei, behou 'n ewige waarde.

“Moenie vir julle skatte bymekaarmaak op die aarde, waar mot en roes verniel en waar diewe inbreek en steel nie; maar maak vir julle SKATTE BYMEKAAR IN DIE HEMEL, ... want waar julle skat is, daar sal julle hart ook wees.” – Mattheus 6:19-21.

Terwyl jy gee, onthou: “Die aarde behoort aan die Here, en die volheid daarvan” (Psalm 24:1) insluitend die silwer en goud (Haggai 2:8). Ons behoort self ook aan God, omdat Hy ons geskep het en omdat Hy ons van sonde gered het deur die prys vir ons sonde met Sy bloed te betaal (1 Korinthiërs 6:19-20). Alles wat ons besit behoort aan God, omdat Hy aan ons “krag gee om rykdom te verwerwe” (Deuteronomium 8:18).

Hoeveel, nooi ons gekruisigde en verre Heiland ons uit, gaan ons deel met Hom om die evangelie aan ander te gee?

“Mag 'n mens God beroof? Want julle beroof My, en julle sê: Waarin het ons U beroof? IN DIE TIENDES EN DIE OFFERGAWE. ... Bring die hele tiende na die skathuis, sodat daar spys in my huis kan wees; en beproef My tog hierin, sê die Here van die leërskare, of Ek vir julle nie DIE VENSTERS VAN DIE HEMEL SAL OOPMAAK en op julle 'n oorvloedige seën sal uitstort nie.” – Maleagi 3:8-10.

Tiende is 'n tiende gedeelte van jou “opbrengs” (Deuteronomium 14:22, Genesis 28:22). Vir die boer of handelaar is die opbrengs die inkomste nadat hy sy besigheid se uitgawes afgetrek het. Vir die werknemer is dit die totale salaris. Die beginsel van tiende is 'n morele beginsel omdat dit handel oor die karakter. Wanneer ons nie 'n tiende gee nie, dan “berooft” ons God. Die tiende behoort aan God en moet uitsluitlik gebruik word vir die ondersteuning van God se dienswerk (1 Korinthiërs 9:14) en om Sy werk op aarde klaar te maak sodat Hy kan terugkom (Mattheus 24:14).

Toe Jesus gekom het om onder mense te woon, het Hy Sy goedkeuring aan die betaal van tiendes gegee in die Nuwe Testamentiese tyd (Mattheus 23:23).

Hoeveel sal ons gee as offergawes? Offergawes is 'n saak waaroor elkeen self besluit. Elkeen "moet gee soos hy hom in sy hart voorneem" (2 Korinthiërs 9:5-7). Jy kan nie te veel vir God gee nie.

***"Gee en aan julle sal gegee word. 'n Goeie maat wat ingedruk en geskud en oorlopend is, sal hulle in jul skoot gee."* – Lukas 6:38.**

H.M.S. Richards het eenmaal hierdie ondervinding vertel:

"'n Man wat sy lewe lank gedobbel het, het eenmaal my dienste in Los Angeles bygewoon, en ek sal nooit vergeet toe ek eenmaal alleen met hom agter in die saal gepraat het nie. Hy het 'n rol note uit sy sak gehaal, \$500, en het dit alles aan my gegee en gesê: 'Dit is my eerste tiende.'"

"Die man was nie gesond nie, en hy het vir die afgelope 30 of 40 jaar niks anders gedoen as dobbel nie, daarom het ek gesê: "Hoe gaan jy bestaan?"

"Hy het geantwoord: 'Ek het vyf of ses dollar oor, maar hierdie geld behoort aan God.'"

"Toe vra ek: 'Wat gaan jy doen?'

"Ek weet nie," het hy geantwoord. "Maar ek weet dat ek my tiende aan God moet betaal, en dan sal Hy vir my sorg."

"En God het ook. Die man se bekering was opreg. Hy het homself totaal oorgegee en was gelukkig in die Christelike lewe. En God het vir hom gesorg tot op die dag van sy dood." God belowe nie dat alle getroue gelowiges ryk gaan word nie. Maar ons het die versekering dat ons Skepper in die noodsaaklikhede van die lewe sal voorsien.

Christus het alles vir ons gegee. Kom ons gee nou ons hart geheel en al aan Hom. Kom ons deel Christus met ander deur die manier waarop ons lewe en dink, ons voorkoms, ons handeling en hoe ons gee. Wil jy nie die vreugde ontdek om Christus met ander te deel en om in Sy wonderlike genade te groei nie?